# Hoërskool Heidelberg

# Gedragskode: Huis Merwena

---

Hierdie dokument is die koshuisbeleid van Hoërskool Heidelberg soos die Koshuiskomitee/Beheerliggaam dit op 23 November 2021 goedgekeur het.

Die beleid is opgestel ooreenkomstig die toepaslike bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ("die Skolewet"); die Norme en Standaarde vir Skoolfinansiering, en toepaslike provinsiale wetgewing.

____________________________ ____________________________

VOORSITTER PLEK

____________________________ ____________________________

SKOOLHOOF DATUM

**INHOUDSOPGAWE**


1. Dissiplinêre struktuur en tug…………………………………………………………………..bl.3
2. Graad 1 en -2 ootredings………………………………………………………………...bl.3
3. Graad 3 oortredings……………………………………………………………………bl.4
4. Die strafboekstelsel……………………………………………………………………….bl.4
5. Prosedures vir die gebruik van die strafboek……………………………………………..bl.6
6. Huis Merwena se uitsetting- en skorsingsbeleid…………………………………………bl.7
7. Addendum A……………………………………………………………………………….bl.8
8. Addendum B: Huishoudelike reels.……………………………………………………….bl.9

## DISSIPLINÊRE STRUKTUUR / TUG

Daar is drie kategorieë oortredings wat van mekaar onderskei word ooreenkomstig die ernstigheidsgraad daarvan.
Graad 1 beskryf is die minder ernstige oortredings, graad 2 verwys na oortredings van 'n meer ernstige aard,
Graad 3 oortredings word beskou as ernstige oortredings en kan tot onmiddellike skorsing van die leerder lei.

### 1. Graad 1 en 2 oortredings

Hieronder volg voorbeelde van moontlike Graad 1 oortredings:

| Graad van oortreding | Oortreding aangemeld deur koshuiskomitee |
|---|---|
| 1 | Eet / drink in studiesaal |
| 1 | Voer nie opdrag uit nie. |
| 1 | Laat vir studie |
| 1 | Onvanpaste optrede tydens studie en ete |
| 1 | Gevaarlike speelgoed gebruik (klappers, paintball gun, ens.) |
| 1 | Selfoongebruik (Selfoon word afgevat en word gehou tot einde van die week) |
| 1 | Netheidsoortreding (persoon / kamer) |
| 1 | Onregmatige gebruik van ander se eiendom |
| 1 | onaanvaarbare kleredrag in eetsaal |
| 1 | Ernstige verbale aggressie/dreigemente |
| 1 | Obsene gebare |
| 1 | Argumenterend/skoorsoekende gedrag met medeleerder(s) |
| 1 | Lasterlike/leuenagtige inligting oor medeleerders versprei |
| 1 | Onwelvoeglike gedrag (teenoor lid van die teenoorgestelde geslag) |
| 1 | Onwelvoeglike gedrag (teeoor lid van dieselfde geslag) |
| 1 | Selfoonvideo tot nadeel van skool en medeleerders |
| 1 | Steurende gedrag in studiesaal/kamer |
| 1 | Kru of vloektaal op die koshuis/skoolterrein |
| 1 | Verwyder eetgerei of breekware uit die eetsaal. |
| 2 | Disrespekvolle optrede teenoor volwassenes |
| 2 | Besit van onwelvoeglike materiaal |
| 2 | Oneerlikheid (blatante leuens) |
| 2 | Ernstige oortreding in publiek |
| 2 | Afwesig van koshuisroetine |
| 2 | Herhaaldelike pligsversuim (Soos bepaaldeur personeel) |
| 2 | Ernstige studiesaalontwrigting |
| 2 | Onwelvoeglike gedrag |
| 2 | Ernstige ontwrigting van koshuisroetine |

## 2. Graad 3 oortredings

Hieronder is die lys van graad 3 oortredings. Hierdie oortredings word as baie ernstig beskou en alle gevalle word voor die Koshuis se Dissiplinêre Komitee gelê. Graad 3 oortredings kan tot die onmiddellike skorsing van ‘n leerder lei. Sommige van die die graad 3 oortredings word as so ernstig beskou dat ‘n leerder wat hom daaraan skuldig maak, dadelik gevra sal word om die koshuis te verlaat, totdat die Koshuis se Dissiplinêre Komitee die saak hanteer en ‘n besluit oor die betrokke geval geneem het.

| Graad van oortreding | Oortreding |
|---|---|
| 3 | Gedrag en optrede wat die veiligheid van ander in gevaar stel en hulle regte skend. |
| 3 | Die dreigement, met, besit of gebruik van 'n gevaarlike wapen. |
| 3 | Die besit, bewys van gebruik, oorhandiging of verskaffing van dwelmmiddels, onregmatige middels, alkohol of bedwelmende middele van enige aard. |
| 3 | Gevegte, aanranding en mishandeling |
| 3 | Immorele gedrag of godslasterlike optrede |
| 3 | Skadelike graffiti, haattaal, seksisme of rassisme. |
| 3 | Diefstal, hantering of besit van gesteelde eiendom. |
| 3 | Vandalisme, vernietiging of ontsiering van koshuis- en skooleiendom. |
| 3 | Oneerbiedige, afkeuringswaardige gedrag en beledigende taal wat teen opvoeders of werknemers van die skool of koshuis of ander leerders gerig is. |
| 3 | Seksuele teistering of onwelvoeglike optrede van seksuele aard. |
| 3 | Besit van pornografiese materiaal |
| 3 | Herhalende ontwrigtende optrede tydens studietye in die studiesaal of kamer, wat ander die reg ontneem om met hulle werk voort te gaan. |
| 3 | Rook / Rokerskring (enige plek) en ander optredes wat tot brandstigting kan lei. |
| 3 | Wegloop of dros uit koshuis. (Verlaat skoolterrein) |
| 3 | Met lede van die teenoorgestelde geslag in koshuiskamers |
| 3 | Onregmatig afwesig van skool. (Lê in koshuis) |
| 3 | Onregmatige betreding van besoeker op koshuisperseel |
| 3 | Onregmatig teenwoordig in koshuis. |
| 3 | Besit van enige rookverwante items. |
| 3 | Direkte verontagsaming van straf wat deur dienspersoon/koshuisvader opgelê is |

Die finale besluit oor dissiplinêre sake berus by die Skoolhoof en Beheerliggaam. Die beheerliggaam behou die reg voor om veranderinge aan die dissiplinêre struktuur te bring, en om versagtende of verswarende omstandighede in ag te neem wanneer 'n oortreding gestraf moet word.

## 3. Die strafboekstelsel

Merwena Koshuis maak gebruik van ‘n strafboekstelsel waarin alle oortredings aangeteken word. Op die volgende bladsy kan die uitleg gesien word wat in die strafboek gebruik word.

| Datum | Naam | Graad | Kaart nommer (hoeveelste oortreding) | Oortreding | Straf gegee | Hand-tekening leerder | Hand-tekening gesag |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |

## 4. Prosedure vir gebruik van Strafboekstelsel

Wanneer ‘n leerder oortree, word die datum en leerder se naam in geskryf.
Die oortreding wat die leerder begaan het word ook met die hand in geskryf. by die Die leerder en dienspersoon/matrone/superintendent teken langsaan dat hy/sy kennis neem dat oortreding aangeteken word.
Die persoon wat die oortreding aanteken in die boek, kan ook ‘n straf vir die oortreding gee, of dit kan slegs aan superintendent aangemeld word om met ouers op te volg.
Graad 1 en 2 oortredings kan strawwe ontvang soos ‘n dag ekstra se skottelgoed was, ‘n dorpsdag verloor, paar uur ekstra studie, of uitskryfwerk saans na aandstudie.
Graad 3 oortredings moet dadelik aan die superintendent aangemeld word sodat daar teenoor die leerder op getree kan word.
Die koshuisgedragskode word deur diensdoenende personeel en die huiskomitee toegepas.
Die strafboek moet volledig voltooi word en geteken word.
Die strafboek moet in die besit van die diensonderwyser bly wat dit aan die diensonderwyser sal oorhandig wat die volgende dag aan diens is.

Wanneer ‘n diensonderwyser ‘n leerder se 5de oortreding aanteken, moet dit aan die superintendent gerapporteer word. Die superintendent sal dan die leerders straf ‘n swaarder straf (soos geen verdere dorpsdae vir res van die kwartaal en selfs gehok word vir ‘n paar dae) gee, in ‘n poging om hulle nie verdere oortredinge te begaan nie.
Die superintendent sal weekliks die strafboek kontroleer vir leerders wat al 5 strafbriefies in die strafboek voltooi het en met daardie leerders in gesprek tree. Die superintendent sal ook die ouers van die betrokke leerder kontak om hulle in te lig oor die oortredings wat die leerder tot op hede begaan het.

Indien `n koshuisleerder 10 strafbriefies ontvang het, verskyn hy/sy voor die Koshuisbestuur Dissiplinêre Komitee (KBK) wat bestaan uit die Superintendent, die Matrone, koshuiskomitee-voorsitter nog ‘n lid van die koshuiskomitee. Die skoolhoof kan ook die vergadering bywoon indien hy beskikbaar is.

Tydens die KBK ontvang die leerder `n skriftelike waarskuwing. Die verhoor word in die voorvalleboek opgeteken en die leerder teken langs die inskrywing.

Korrektiewe maatreëls kan insluit:

- Detensie
- Skorsing.
- Wegneem van voorregte

Indien `n leerder binne 6 maande weer 10 strafbriefies ontvang het, verskyn hy/sy voor die Koshuisbestuur Dissiplinêre Komitee (KBK)
Hier ontvang die leerder `n finale skriftelike waarskuwing.

`n Leerder wat `n graad 3 oortreding begaan sal dadelik voor die KBK gedaag word.

Dit is egter altyd wenslik dat `n superintendent graad 3 oortredings in samewerking met die skoolhoof hanteer. Hy en sy personeel ken die leerders in hul koshuis en kan sake dadelik aanspreek. Die Superintendent moet egter die voorlopige ondersoek doen en die ouers inlig rakende die oortreding/s en die verhoor.

Die volgende drie oortredings lei tot ‘n outomatiese tydelike skorsing van drie dae voor die KBK afgehandel word:

- Rook in die koshuis of koshuiskamer
- Drankgebruik in die koshuis of koshuiskamer
- Verlaat van terrein sonder toestemming,

Korrektiewe maatreëls kan insluit: - Detensie (Meer as een week)

- Kombuisdiens of ander diens in en rondom die koshuis.
- Tydelike skorsing of uitsetting uit koshuis

Indien `n leerder hom/haar weer skuldig maak aan ernstige wangedrag binne dieselfde 6 maande en 10 of meer strafbriefies versamel of `n leerder se oortreding/s is van so aard dat die Koshuisbestuur dit goeddink word die leerder voor die Beheerliggaam Dissiplinêre Komitee (BDK) gedaag.
Indien die leerder deur die KBK skuldig bevind word, word sy/haar koshuisinwoning summier tydelik of permanent opgehef.

Alle dissiplinêre gesprekke en verhore moet in die voorvalleboek aangeteken word en die ouers moet persoonlik geskakel word. Ouers moet teenwoordig wees by alle KBK verhore.
Alle dokumentasie moet op die leerder se koshuislêer geplaas word.

## 5. HUIS MERWENA SE SKORSINGS- EN UITSETTINGSBELEID

Graad 3 oortredings kan lei tot skorsing en uitsetting:
*Lys van Graad 3 Oortredings moet deurgaans ooreenstem*
Gedrag en optrede wat die veiligheid van andere in gevaar stel en hulle regte skend.
Die dreigement, met, besit, of gebruik van 'n gevaarlike wapen.
Die besit, bewys van gebruik, oorhandiging of verskaffing van dwelmmiddels, ongemagtigde middels, alkohol of bedwelmde middele van enige aard.
Gevegte, aanranding of mishandeling.
Immorele gedrag of godslasterlike optrede.
Skadelike graffiti, haattaal, sekssisme en rassisme.
Diefstal, hantering of besit van gesteelde eiendom.
Vandalisme, vernietiging of ontsiering van skooleiendom.
Oneerbiedige, afkeurenswaardige gedrag en beledigende taal wat teen opvoeders of werknemers van die skool of koshuis of ander leerders gerig is.
Seksuele teistering of aanstootlike optrede van seksuele aard.
Herhalende ontwrigtende optrede tydens studietye in die studiesaal of kamer, wat ander die reg ontneem om met hulle werk voort te gaan.
Rook in koshuis en ander optredes wat tot brandstigting kan lei.
Die besit van enige rookverwante items.
Wegloop of dros uit koshuis.
Met lede van die teenoorgestelde geslag in koshuiskamers verkeer.

Die Beheerliggaam/Koshuiskomitee kan, na 'n billike verhoor, 'n leerder uit die koshuis skors of uitsit wat skuldig bevind is aan die oortreding van die bepalings van die Gedragskode en die koshuisreëls. Die leerder kan, ingevolge die bepalings ten opsigte van uitsetting, by die Beheerliggaam/Koshuiskomitee appêl aanteken teen sodanige uitsetting.

ADDENDUM A:

Toets van leerders vir die gebruik van verbode middels:

Ons (koshuisvader en alle dienspersoneel) by Huis Merwena is direk verantwoordelik vir die welstand van elke leerder wat gedurende die kwartaal in die koshuis woon. Die koshuis is elke leerder se “huis” gedurende die kwartaal en moet sodoende ’n omgewing wees waar leerders veilig is en bevordelik is vir leer.

Dit gebeur ongelukkig dat sekere kosgangers van tyd tot tyd (veral op dorpsmiddae) hulle skuldig maak aan die gebruik van verbode middels. Dit is nie altyd moontlik vir die koshuispersoneel om die skuldiges vas te trek nie. In ’n poging om te voorkom dat alkohol en ander verbode middels ’n wenslike probleem by sommige kosgangers word, gee ons hiermee vir ouers/voogde kennis dat leerders van tyd tot tyd op ’n lukrake basis, op ongereelde tye, getoets kan word vir verbode middels. Ons het oor die wetlike aspeske oor die toets van leerlinge deeglike navorsing gedoen en verseker u dat ons nêrens onregmatig teenoor enige leerder sal optree nie.

Ons vertrou u sien hierdie stap van voorsorg in die regte lig en dat ons op elke besordge ouer se steun kan staatmaak. Ons vra dat u die onderneming en verklaring van Huis Merwena se gedragskode en beleide sal onderteken en sal terugstuur na die koshuis.

ADDENDUM B:

Merwena-koshuis: Huishoudelike reëls

Opstaantye - 05:45 (eerste klok) 05:50 (tweede klok)

1. Staan onmiddellik op met die lui van die eerste klok.
2. Maak jou bed netjies op, vee die kamer uit, stof af en gooi vullisdrom uit.
3. Sorg dat jou bedkassie netjies en skoon is.
4. Sorg dat jou klerekas netjies is.
5. Daar mag geen artikels in jou kamer rondlê nie.
6. Kleresakke mag bo-op die kas gestoor word.
7. Verwyder alle leë bottels en onnodige houers van bedkassies, vensterbanke en jou kas.
8. Sorg dat daar geen breekgoed van die koshuis in jou kamer is nie.
9. Bêre jou vuil wasgoed in jou wasgoedsak in jou kas.
10. Indien dit 'n winderige of reëndag is, sorg dat die vensters in jou kamer toe is.
11. Sorg dat jou lig afgeskakel is wanneer jy die kamer verlaat.

Stiltetyd (06:20 en 21:30)

1. Geen geselsery in die kamer nie.
2. Niemand besoek die badkamers nie en geen rondlopery na ander kamers nie.
3. Sorg dat jy geestelike leesstof en 'n Bybel het vir stiltetyd en respekteer jou maat se reg om stiltetyd te hou.
4. Kamerdeure is oop tydens stiltetyd.

Etenstye (06:35) (14:00) (18:00)

1. Tafelhoofde is verantwoordelik vir goeie orde en dissipline aan tafel en rustig beweeg na kombuis om kos te kry.
2. Alle leerders moet met etenstye in die eetsaal teenwoordig wees, tensy met die diensdoende personeellid of matrones vooraf gereël is.
3. In geval van siekte moet een van jou maats die matrone aan diens in kennis stel.
4. Leerders eet ontbyt en middagete in skooldrag, behalwe die kleintjies wat vroeg genoeg uitkom om eers uit te trek.
5. Leerders staan in netjiese rye om die eetsaal ordelik binne te gaan.
6. Alle leerders moet skoene of plakkies aanhê tydens ete.
7. Geen hoede/musse op die kop in die eetsaal nie.
8. Niemand mag die eetsaal verlaat om iets in die kamer te gaan haal nie.
9. Sorg dat jou voorkoms netjies is en jou hande gewas is voor jy kom eet.
10. Indien jy laat kom, of die eetsaal vroeër moet verlaat, maak verskoning by die onderwyser aan diens of die superintendent.
11. Leerders word versoek om goeie tafelmaniere te handhaaf en nie luidrugtig te wees nie.
12. Aan die einde van ete sal die persoon aan diens opstaan om te dank vir die kos. Die prefek wat die naaste sit aan die kombuisdeure moet dit dan toemaak sodat daar in stilte gedank en opdragte gegee kan word.
13. Leerders dek af wanneer die onderwyser opdrag gee, nie voor die tyd nie.
14. Kosgangers moet hulle ordentlik in die eetsaal gedra:
    - ✓ Stap die eetsaal stil binne sonder dat daar gesels word.
    - ✓ Bly staan by jou stoel met jou lyf en gesig na die tafel gedraai totdat daar gedank is.
    - ✓ Gesprekke langs tafel moet saggies en in gedempte toon plaasvind.
    - ✓ Tafelhoofde is verantwoordelik vir die dissipline en orde langs die eettafel.

✓ Niemand mag opstaan en rondloop in die eetsaal nie.

15. Geen kos of eetgerei mag uit die eetsaal geneem word nie.

Studietye (14:40 – 15:15) (19:00)

1. Alle leerders van graad 4 – 11 moet middae en saans met studietye onder toesig van die onderwyser aan diens studeer.
2. Graad 12-leerders kry die vergunning om in hul kamers te studeer, op die volgende voorwaardes:
   * Jy mag nie dan bad of slaap nie.
   * Jy moet besig wees met jou studies.
   * Jy mag nie jou selfoon gebruik nie.
   * Jou kamerdeur moet oop wees sodat die onderwyser kan ingaan.
   * Jy moet by jou lessenaar sit.
   * Jy moet ordentlik geklee wees.
3. Graad 1 – 11 gaan na die studiesaal vir studietyd.
4. Graad 1 – 6 studeer in die aand slegs tot 20:00.
   Die res van die leerders kry dan ‘n pouse van 15 minute.
5. Leerders moet almal genoeg leesstof bring vir dié dae wanneer hul tuiswerk min is.

Studieklokke:
Die aanbreek van aandstudietyd sal aangedui word deur twee studieklokke.
Eerste studieklok (18:50):
Onmiddellik na die lui van die eerste studieklok sal alle leerders begin om vir studie voor te berei deur na die studiesaal te gaan en hul studiemateriaal reg kry.
Tweede studieklok (19:00):
Met die lui van die tweede studieklok moet alle leerders reeds by hulle studietafels sit en met studie begin.

In die studiesaal

1. Sorg dag jy al jou boeke en benodigdhede saambring om ‘n rondlopery te voorkom – niemand word toegelaat om iets te gaan haal nie.
2. Niemand mag in die studiesaal eet nie; waterbottels is wel toelaatbaar in die somer. Niemand verlaat sy sitplek, behalwe om na die onderwyser te gaan.
3. Elkeen sit by sy tafel en werk in stilte sodat almal ‘n gelyke kans kan kry om te leer.
4. Die onderwyser aan diens mag raad gee en hulp verleen.
   Leerders mag egter nie saamkuier by die tafel van die onderwyser nie.
5. Na aandstudie moet die saal netjies uitgevee word en alle papiere in die drom wees.
6. Die boekrak en kaste met tydskrifte moet ook netjies gehou word.
7. Sorg dat die waaiers en ligte almal af is voordat julle die saal verlaat.
8. Leerders moet toestemming van die onderwyser verkry om na ligte-uit te studeer.

Telefoontye

1. Selfone word saans om 21:30 ingegee en eers die volgende dag om 15:20 aan kosgangers beskikbaar gestel.
2. Indien selfone nie ingegee word nie en dan daarmee betrap word, sal dit vir die res van die kwartaal verbeur word.
3. Selfone mag nie gebruik word tydens etenstye, stiltetye en studietye nie.

4. Indien ‘n selfoon in die koshuis wegraak neem die koshuis geen verantwoordelikheid daarvoor nie.

Afmiddae

1. Gr 1 – 7-leerders kan op Maandae KIX (voorheen Kinderkrans) bywoon. Hulle moet in ‘n groep loop en onmiddellik terugkom as dit klaar is.
2. Dindsdagmiddag is afdag vir die hoërskoolleerders. Hulle mag dan na studie die koshuis verlaat en moet weer 16:30 terug wees.
3. Woensdagmiddag is afdag vir die laerskoolleerders. Hulle mag dan na studie die koshuis verlaat en moet weer 16:30 terug wees.
4. Graad 1 – 3’s mag nie alleen dorp toe gaan nie.
5. Leerders wat noodgedwonge op nie-afdae die tandarts, dokter, haarsalon of biblioteek moet besoek moet ‘n verlofbriefie van die onderwyser aan diens verkry.Sodanige briefie moet reeds voor studie aangevra word en die leerder moet die briefie kan toon as hy/s in die dorp gekry word.
6. Wat leerders op hulle afdae doen, is die verantwoordelikheid van die ouers
7. Leerders mag saam met geen persoon, behalwe hul ouers, van die koshuis vervoer word tensy die ouers nie telefonies of skriftelik die superintendent ingelig het nie.
8. Leerders mag nie die dorpsgebied gedurende staptyd verlaat nie. Niemand beweeg oos van Fouriestraat nie, asook nie suid van Eksteenstraat nie.
9. As kosgangers enige byeenkoms in ’n groep bywoon, mag hulle nie die groep verlaat nie, behalwe met die toestemming van die Superintendent. Almal woon byeenkomste in ‘n groep by en keer in ‘n groep terug.
10. Die treinstasie is verbode terrein.

Badkamers

1. Leerders moet te alle tye by die badtye te hou, behalwe wanneer hulle vir sportwedstryde of iets dergeliks weg was.
2. Water moet spaarsamig gebruik word.
3. Draai krane van wasbakke klein oop sodat die water nie op die vloer spat nie.
4. Sorg dat die stort netjies agtergelaat word.
5. Spelery in die badkamers is gevaarlik en word verbied.
6. Badkamers mag nie bemors word nie. Stortbad op so ‘n manier dat jy die plek skoon en droog agterlaat. **Kosgangers mag nie vir langer as 5 minute stort nie. Spoel altyd die toilet nadat dit gebruik is.**
7. Gr. 1 – 6 is saans voor ete klaar gestort.
   Gr. 7 – 10 moet voor studietyd saans klaar gestort wees.
   Gr. 11 – 12 moet teen 21:25 saans klaar gestort wees.
   Gr. 11 – 12 mag soggens ook stort.

Algemene reëls

1. Leerders mag nie hul kamerdeure sluit nie.
2. Alle waardevolle besittings, geld en eetgoed moet in hul kaste toegesluit wees. Ander koshuisgangers se eiendomsreg word te alle tye gerespekteer en niemand neem of gebruik ‘n ander se goed sonder sy of haar toestemming nie.
3. ‘n Leerder se kamer is sy/haar veilige hawe. Niemand, buiten die kamermaats, mag ‘n kamer betree as die leerder nie toestemming daarvoor gee nie.
4. Die kleintjies bly uit die gange en kamers van die groter kinders en die groter kinders bly uit die gange en kamers van die kleintjies.

5. Geen leerders van die teenoorgestelde geslag word in die gange en kamers toegelaat nie, ook nie broers of susters van ‘n kleintjie nie.
6. Geen leerder mag tydens skoolure, sonder verlof van die skoolkantoor, koshuis toe kom nie. ‘n Briefie van toestemming moet aan die matrones getoon word.
7. Rokery in die koshuisgebou of die perseel is streng verbode.
8. Wees versigtig met eetgoed in die kamers, ons het erge probleme met miere.
9. Leerders word versoek om vriendelik en hulpvaardig te wees met besoekers. Geen vreemdelinge word op die koshuisperseel toegelaat nie.
10. ‘n Leerder mag slegs besoek ontvang van ‘n ouer of ‘n voog.
11. Leerders mag net deur ouers of voogde uitgeteken word, deur direk met die matrone of superintendent kontak te maak.
12. Leerders moet respek betoon teenoor alle werkers in en om die koshuis.
13. Opsetlike beskadiging van eiendom is strafbaar met die wet.
14. Leerders verlaat die koshuisperseel tussen 06:45 en 7:15 om skool toe te stap.
15. Geen kosganger mag in die gange hardloop nie. Swart merke op mure en vloere sal sonder versuim deur oortreders self, verwyder word.
16. Daar mag nie op die terrein met klappers, vuurwapens of enige ander gevaarlike voorwerpe gespeel word nie. Geen vuurwapens, messe of “BB-guns” word toegelaat nie.
17. Kosgangers se kleredrag moet netjies en aanvaarbaar volgens die norme van die gemeenskap wees. Onbedekte mae, lae halse, kort rokkies is voorbeelde van onaanvaarbare drag. Geen oorbelle mag deur seuns op die terrein gedra word nie, maar slegs in die dorp op dorsdae.
18. Fisiese kontak is verbode. Lê op mekaar se skote, hande vashou, twee-twee in afsondering, sit of staan, word toegelaat nie.
19. Niemand mag in die gange skreeu of deure toeslaan nie.
20. Elke kasslot moet ’n spaarsleutel hê. Dit moet by die superintendent of matrone in ’n koevert ingehandig word.

<u>Ouers</u>

1. Dit staan ouers vry om Maandagoggende, Woensdagmiddae en q Vrydagmiddae u kind se kamer te besoek. Ouers moet egter verseker dat die Matrone, Superintendent of diensdoenende onderwyser vooraf daaroor ingelig is. Slegs vaders in seunskamers of moeders in die dogterskamers.
   Buiten bogenoemde ure sal geen besoeke aan kamers toegelaat word nie, tensy in uitsonderlike gevalle (soos siekte of nood).
2. Ouers moet self toestemming gee vir kinders om die koshuis te verlaat, anders as die afdae. Sodanige toestemming kan per briefie of telefonies aan die superintendent gegee word as u nie self u kind kan uitteken nie. Ons is verantwoordelik vir u kind en moet te alle tye weet waar hy/sy is.

3. Die volgorde van verantwoordelike persone op weeksdae is as volg:
   1. Die prefek aan diens
   2. Die diensdoenende onderwyser
   3. Die matrone
   4. Die superintendent (hoogste gesag)

Speelterrein

1. Die laerskool speelterrein is bedags in die vierkant, die klein rugbyveldjie of die stukkie gras voor die Skoolhoof se huis.
2. Die hoërskool speelterrein is bedags op die skool se rugbyveld, of die vierkant voor die koshuis.
3. In die tydgleuf wat strek van na aandete tot en met aandstudie, moet alle leerders, laerskool en hoërskool, of in die vierkant wees of op die stukkie gras voor die Skoolhoof se huis. Geen leerder mag weer in hierdie tyd na die groot rugbyveld of pawiljoen gaan nie.

Siektes en noodgevalle

1. Indien enige laerskoolleerder medisyne moet drink, moet die ouers dit asb by die matrones inhandig. Leerders mag nie enige medisyne in hul kamers aanhou nie. Dit sal op die voorgeskrewe tye deur die matrones uitgedeel word.
2. In ‘n noodgeval sal die koshuis u kind onmiddellik na ‘n dokter neem, of ontbied. U sal daarna gekontak word.
3. Leerders wat tydens skoolure siek voel en koshuis toe kom, moet by die matrone aanmeld en die res van die dag in hul kamers bly. Hulle sal nie toegelaat word om enige funksie of sport op so ‘n dag by te woon nie.
4. Leerders kan slegs met die toestemming van die skoolkantoor en die superintendent die skool verlaat om by die koshuis te gaan lê.
5. Sorg ook dat die koshuiskantoor ‘n afskrif van jou medies-/kliniekkaart het indien dit benodig sal word tydens ‘n doktersbesoek.